Gebed
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens
Wet:
Kort gebed

Woorddiens
Skriflesing: Handelinge 1: 1 – 8
Woordverkondiging
Gebed

Dienelkander
Meelewing siekes en verjaarsdae 6 besondere verjaarsdae Kitty Kruger
Vyfhoek gr 12

Katkisasie hierdie week les 9

Kinders: lekker vasvra om jou Bybelkennis te toets

Geliefde br. en sr en liewe kinders

Ons Here Jesus Christus het na sy opstanding baie seker gemaak dat sy dissipels die implikasies van sy sending na die aarde verstaan. Vele kere het Hy vir hulle en ons verduidelik: Soos die Vader my gestuur het na die wêreld om die mense te kom red en hulle na God toe te lei, so stuur ek julle! Keer op keer het dit vir hulle gesê!

En hier, pas voor sy hemelvaart is dit weer hierdie belangrike opdrag wat vir oulaas beklemtoon word: julle sal my getuies wees! En ek dink elke gelowige – selfs nog jong kinders – wat in ŉ gelowige huis groot geword en in die kerk die basiese geloofsonderrig ontvang het, **weet vanoggend: ek is ŉ getuie van Christus**! Ek word na ander mense gestuur om vir hulle van Jesus Christus te vertel!

Die hele boek Handelinge – wat ons nou in ŉ reeks oordenkings deurwerk – vertel vir ons van hoe die apostels en ander gelowiges hierdie opdrag met geweldige effektiwiteit uitgevoer het! Van Jerusalem tot Rome – net soos Jesus in ons teksverse vir hulle gesê het!

Vanmore gaan ons dus nie weer oor die opdrag praat nie – maar oor die hoekom van die opdrag! Hoekom is jy ŉ getuie? Hoekom wil Jesus vir jou en my gebruik? Hoe werk God se plan in die praktyk van die lewe! En die antwoord is: menslikerwys gesproke: sonder my en jou getuienis kan die kerk nie groei!

Indien die apostels en hierdie opdrag van Jesus uitgevoer het nie, sou die evangelie net daar in Jerusalem gebly het. Die 11 dissipels en die klompie ander mense wat tot geloof in Christus gekom het, sou maar daar geleef het en in Jesus geglo het tot hulle almal dood wat en dan sou die boodskap van Christus en alles wat Hy gedoen het, die hele boodskap van verlossing en genade van God, sou daar in Jerusalem doodgeloop het!

Maar nou het dit nie! Want die Here het hierdie gelowiges, net soos vir my en jou toegerus om ŉ effektiewe getuie te wees! Die Here het jou toegerus om met krag en impak vir Hom ŉ getuie te wees waar jy ook al is en wat jy ook al doen!

Ons kan die boodskap van Handelinge en die boodskap wat die Here vanmore vir ons gee **ŉ aanvalsprojektiel of vuurpyl vergelyk** – wys slide

Die liefde van God en Christus is die vlam en dryfkrag wat ons oor grense heen dryf.
Die bakwerk van die vuurpyl is die gawes van die Heilige Gees waarmee ons toegerus is.
Die stabiliseerders van die vuurpyl is die Skrif en ons gebede

Die plofkop van die vuurpyl is ons as getuies – ons as gelowiges se getuienis laat die liefde van God en die evangelie van verlossing oor die wêreld heen ontplof.

Brs en srs, sien u hoedat ons rol as getuies vir Christus van kardinale belang is vir die effektiwiteit van hierdie liefdesvuurpyl?. God se liefde, die gawes van die Gees en die gebede van gelowiges **kan geen trefkrag hê as ons nie ons rol vervul nie.** Dan word die vuurpyl afgeskiet om geen effek te hê op sy teiken nie. Dan val dit nutteloos op die grond!

Ons getuienis is noodsaaklik vir God se vuurpyl om effektief te wees. Ons getuienis is as't ware die slagpen wat die vuurpyl laat ontplof om die liefde van God oor die wêreld heen te versprei.

En die wonderlike is: God kan sonder ons werk om sy boodskap van liefde na die mense te bring, maar God het gekies om my en jou te gebruik! Hy wil deur ons werk en daarom verduidelik die Here vanmore weer hierdie opdrag:

Wees ʼn getuie vir Christus want sonder jou getuienis verloor die evangelie sy krag!.
Dan is dit soos ʼn vuurpyl wat afgeskiet word, maar daar waar hy heen afgevuur is, sonder trefkrag of impak val – doef! Niks gebeur nie!

Kom ons kyk na drie dinge om God se boodskap vir ons te verstaan:

1. Wat is ʼn getuie?
2. Waaroor moet ek getuig?
3. Teenoor wie moet ek getuig?

Wat is ʼn getuie?
ʼn Getuie is iemand wat geroep word om te getuig oor iets wat hy gesien of gehoor het. Hy moet die feite weergee en bevestig van wat hy gesien of gehoor het. Die grondbetekenis van die Griekse woord "martus" wat hier gebruik word beteken eintlik "om te onthou". ʼn Getuie is dus iemand wat eerstehands gesien en gehoor het, onthou wat hy gesien en gehoor het en wat kan vertel. ʼn Getuie moet dus **eerstehandse** kennis hê, hy moet dit self persoonlik gesien, gehoor of beleef het en daarom kan hy daarvan vertel.

Wat is ons dan as getuies? Ons is mense wat **die verlossingswerk van Jesus Christus self beleef het, wat uit eie ervaring kan vertel wat God in Christus gesê en gedoen het!** Maw br. en sr, as ek sê dat ek Jesus Christus as my Verlosser **ken** – dan is ek ʼn getuie! **Ek kan dit nie nog word nie – ek is dit – want ek het eerstehand gesien, gehoor en ervaar dat God my in Christus gered het en ek moet dit dan aan iemand anders vertel!**

Ja, ek moet my getuienis oorvertel! Dis waar die plofkrag van die vuurpyl lê!
Die meeste van ons se verweer is dat ons getuig deur ons voorbeeld! Deur voorbeeldig soos Christene te leef en so getuig ek! Brs en srs, die krag van ʼn vuurpyl lê nie daarin dat dit afgeskiet word om in vyandelike gebied te gaan lê net sodat almal dit kan sien nie! Dan beteken dit niks: die krag van die vuurpyl lê daarin as dit ontplof en in ons geval nie mense doodmaak nie – maar hulle red!

ʼn Gelowige wat nie praat nie en net deur voorbeeld wil getuig is soos **die ware gebeurtenis van twee manne** wat jare saam in ʼn kragstasie se kontrolekamer gewerk het en mekaar toe op ʼn Mighty Men saamtrek raakloop en die een vir die ander sê: "My wêreld Hannes, ek het nooit geweet jy is ook ʼn Christin nie!!" Jare saamgewerk, jare van voorbeeldige lewe maar omdat Hannes nooit met sy kollega oor sy geloof gepraat het nie, het hy nie geweet dat Hannes ʼn christene is nie. Hy kon net sowel gedink het Hannes is ʼn baie goeie Moslem!

Nee, ʼn getuie praat – dit is ons opdrag! En dis wat die gelowiges in Handelinge gedoen het! Hulle het getuig! Hy of sy vertel vir ander wat hy of sy in Christus gesien, gehoor en beleef het! Natuurlik speel ons **leefwyse ʼn geweldige belangrike rol – ons leefwyse moet juis ons getuienis ondersteun**. Dalk br. en sr, is ons te bang om te praat omdat ons hier binne ons weet dat ons lewenswyse dalk juis nie ons getuienis sal kan ondersteun nie!

Maar ʼn getuie is ook **meer as** net iemand wat oor Christus praat en soos Christus leef!
Toe die Here vir Abraham geroep het om Hom na Kanaän te volg het die Here vir hom gesê: Ek sal jou seën sodat jy tot ʼn seën van die nasies kan wees! Dit was ook op die

opdrag aan die volk Israel en dit is ook ons opdrag. **'n Getuie is dus iemand wat die seën wat hy of sy van God ontvang na ander mense laat deurvloei.** Al God se liefde, sy redding en verlossing, sy sorg, sy gawes, sy geestelike en aardse seën wat Hy my gee, deel ek weer aan almal rondom my uit!

Br en sr, God seën my en jou – sodat ons weer tot 'n seën kan wees vir almal met wie die Here ons in aanraking laat kom. Ons is die kanaal waardeur God se seëninge ook na die wêreld vloei. Daarom mag ons nooit ons harte en ons hande toehou vir ander mense nie! Dan is ons nie getuies van die liefde en seën van God nie! Ons kan nie van Christus se liefde getuig as ons self nie liefhet het en liefde uitdeel nie.

'n Getuie is so oortuig van sy of haar getuienis dat hy of sy bereid is om vir die waarheid daarvan te sterf. Ons woord martelaar word direk af gelei van die Griekse woord "martus" wat hier vir getuie gebruik word.

Kinders? Weet julle wat 'n martelaar is? Dit is iemand wat bereid is om vir waarheid van God en sy Woord te sterf. So lees ons in Handelinge 7 van Stefanus. Hy was die eerste martelaar wat doodgemaak is vir sy geloof! Vandag nog word baie gelowiges gemartel en sterf hulle ter wille van hulle geloof!

Brs en srs, martelaarskap is seker die grootste toets vir die egtheid van my verhouding met God en van my geloof en my oortuiging. En martelaarskap beteken nie net dat ek moet sterf nie. Nee, ook wanneer ek enige iets opoffer vir Christus en sy getuienis en daaronder moet ly, dan is ek 'n "martus" 'n ware getuie vir Christus.

Daarom geliefdes, wanneer ek en jy dinge in ons lewe opoffer ter daarvan om die boodskap van Christus te laat uitgaan – enige iets – materieel of geestelik of emosioneel – wat ek vir iemand anders gee, **dan ontplof daardie kop** van die vuurpyl en dinge gebeur op die grond! Mense se lewens word geraak en Christus se liefde word gesien en gehoor!

Waaroor moet ons getuig?
'n Getuie vertel nie oor homself en sy eie lewe nie! Nee, dit is seker waarom baie gereformeerdes sku geword het vir getuienislewering omdat sovele mense deur wat hulle getuig meer die aandag fokus op hulleself as op God! Maar dit beteken nie dat ons ons getuienis voor mense moet lewer nie! Nee, ons moet dit juis op die regte manier doen.

Lukas leer vir ons die inhoud van ons getuienis in vers 1: **alles wat Jesus gedoen en gesê het. Dis waaroor hy wil skryf – dis waaroor ons moet praat**
Jesus sê in ons teksvers: Julle sal my getuies wees! Ons is Christus-getuies. Nie Jehovasgetuies nie – maar Christus-getuies – ons sou wel by hulle kon gaan leer oor toewyding tot ons getuigopdrag. **Maar ons moet vertel van Jesus Christus as die Verlosser van die wêreld.** Dit is die kern van ons getuienis. Ons vertel van God se liefde vir mense, van God wat sy Seun gegee het as offer vir die mense se sonde en van verlossing wanneer jy in Christus as jou Verlosser glo.

Om te getuig, br. en sr, beteken nie dat ek eers die hele Bybel moet ken nie! Want dit is ook baie gelowiges se verskoning. Ek ken nie die Bybel goed genoeg nie! 'n Getuie is nie iemand wat getuig oor sy of haar Bybelkennis nie! Nee, jy vertel vir iemand van God se liefde in Jesus Christus. Dit wat jy self ken en beleef! Dis waaroor jy getuig.

Jou getuienis is ook nie bedoel om iemand te oorreed nie! Dit is nie jou werk nie! Ons vertel van God se redding in Christus en dit is die Heilige Gees wat iemand in sy of haar

hart daarvan oortuig. Baie mense is so bang dat iemand met hulle sal begin stry oor God of oor die Bybel en daarom wil hulle nie praat nie. Nee, ons vertel bloot wat God vir ons gedoen het en laat die Heilige Gees self die persoon oortuig!

Teenoor wie moet ons getuig?
Jesus gee die opdrag heel eenvoudig: begin by jou naaste en eindig by die mense die verste van jou af! Hy sê: julle sal my getuies wees in Jerusalem, Judea, Samaria tot aan die uithoeke van die wêreld!

Ons begin dus hier by ons – by die naaste! Ons is getuies teenoor ons man of vrou, teenoor ons kinders of ouers! Teenoor medegelowiges en teenoor ongelowiges wat die Here hier naby op ons pad bring! **Want die ongelowiges is nie nou meer daar ver nie. Hulle is tussen ons.** Ongelowige Afrikaners, blankes, swartmense, Chinese, Japanese, wie ook al – hulle is hier tussen ons! En dit is my en jou opdrag om teenoor elkeen wat die Here op ons pad bring te getuig!

Maar ons opdrag eindig nie hier by die naaste nie! Ook die verste en mees onbereikste mens iewers op aardbol is ook ons verantwoordelik. En natuurlik kan ek en jy nie noodwendig daar ver self kom nie, maar ons kan die gelowiges wat reeds daar is en die sendelinge wat die Here daarheen stuur, kan ons help om daar namens ons te getuig! Ons kan hulle help met gebede, finansiële en emosionele ondersteuning, logistiek of wat ook al. Deur as gelowiges iets hier te doen vir die mense daar ver – so kom ons ook ons verantwoordelikheid teenoor die mense na wat nog moet hoor!

Geliefde br. en sr en liewe kind: die Here sê vanmore vir my en jou – waarom Hy ons wil gebruik as sy getuies! Ons moet die getuienis van Jesus Christus vertel. Ons word geroep om vir die waarheid van die Bybel in te staan. **Ons is die plofkop van die liefdesvuurpyl** wat God op die wêreld afskiet sodat ons met ons getuienis sy liefde oor die aarde kan laat ontplof! **As ek en jy stilbly – dan word daardie projektiel waardeloos**! En dan sal God ons verbygaan, Hy sal sy liefde van ons as wegneem en dit vir iemand anders gee wat bereid is om gehoorsaam te wees.

Die Here gee vir ons met die Corona virus 'n uitstekende geleentheid om ons opdrag uit te voer! Daar was lanklaas wêreldwyd 'n geleentheid waar die mense van hierdie wêreld so ontvanklik en gereed was om van Jesus Christus en sy Redding te hoor soos nou! Nou moet ons getuig! Die Here stuur ons soos 'n vuurpyl in die stryd in! Kom ons gryp dit aan! Mens soek na leiding, mense soek na troos, mense soek na antwoorde!

Ek en jy ken Hom! Ons ken die Troos, Ons kan die antwoord – Dit is Jesus Christus! Ek is die weg en die waarheid en die lewe! Wie in my glo sal in ewigheid nooit sterwe nie! Wat 'n ongelooflike kragtig plofkop – met trefkrag om enige mense van die dood te red!

Vertel vir almal van Hom! Dis hoe God die hele wêreld bereik! Daar waar jy en ek getuig! Dit begin in Jerusalem – hier by jou en my – maar God laat die vuurpyl trek tot aan die einde van die aarde! Dis hier en daar waar die vuurpyl ontplof en mense gered word!

Amen